# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

*Mnr.Wally Janse van Rensburg*

### GROETE AAN AL DIE RYNIES!



Februarie 2025 het aangebreek na ‘n lang Januarie! Februarie is ook die laaste maand van somer voordat herfs aanbreek in Maart. As die eerste maand van ‘n jaar verby is vlieg die tyd normaalweg en Desember is vinniger op ons as wat mens dink. Daar is egter ‘n pragtige jaar wat voorlê om te geniet en hard te werk.




Mense is soms geneig om hulle lewens om te wens en te hoop dat Desember vinnig aanbreek terwyl daar ‘n hele jaar is om na uit te sien. Geniet dus elke dag van 2025 en maak die beste van die jaar!

Volgende week vind die Interlear Atletiek byeenkoms plaas. Soos reeds vermeld is die formaat weer soos in die verlede met Laerskool Rynfield wat in die A-kring meeding. Ons wens al die afrigters en atlete sterkte toe! Ons weet dit gaan taai wees maar ons het hard gewerk en vertrou dat dit goed met die Rynies sal gaan. Ons het veral respek vir atlete wat bereid is om in verskeie items deel te neem op die verskillende dae, ons het elke punt nodig. Reëlings vir die atletiek volgende week is as volg:

NUUSBRIEF 4 VAN 2025 *6 FEBRUARIE 2025*

# RYNIENUUS



LAERSKOOL RYNFIELD

## Interlaer atletiek reëlings:



**Dinsdag 11 Februarie 2025- Velditems - Atlete meld 7:30 aan.**

**·Program begin om 8:00 - Plek: Rynfield Primary School**

·**Geen skool** vir al die Gr 1-7 leerders aangesien heelwat personeel afrigters is en optree as beamptes. Kleuterskool en naskole is normaal oop.

·Daar sal wel toesig by die skool tot 13:00 wees vir ouers wat geen ander heenkome vir hulle kind/ers het nie.

·Leerders wat die dag as toeskouers wil bywoon is welkom maar moet dit in skoolklere bywoon en is onder die toesig van hulle ouers.



**Donderdag 13 Februarie 2025- Baanitems - Atlete meld 7:30 aan.**

·**Geen skool** vir al die Gr 1-7 leerders aangesien heelwat personeel afrigters is en optree as beamptes. Kleuterskool en naskole is normaal oop.

**·Program begin 08:00 ·Plek: Benoni High School**

·Daar sal wel toesig by die skool wees tot 13:00 vir ouers wat geen ander heenkome vir hulle kind/ers het nie.

·Leerders wat die dag as toeskouers wil bywoon is welkom maar moet dit in skoolklere bywoon en is onder die toesig van hulle ouers.

**Die res van die week is normale skooldae tot 13:00. Vanaf Maandag 17 Februarie 2025 is die skooltye weer normaal as volg:**

| ***Afdeling*** | ***Skooltye*** |
|---|---|
| Kleuterskool | 08:00 – 13:00 ( Personeel reeds vanaf 07:00 aan diens) |
| Gr.1 en 2 | 07:30 – 13:00 |
| Gr. 3 | 07:30 – 13:30 |
| Gr. 4 - 7 | 07:30 – 13:50 |



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## UIT DIE FINANSIëLE KANTOOR:

Baie dankie al die ouers wat so getrou die skoolfonds betaal.
Die 30ste het ons state uitgestuur vir Januarie en Februarie se heffings.
Volgende week sal state uitgestuur word met Maart se heffings, wat voor die 7de Maart betaalbaar is.



Indien u nie ‘n staat ontvang het nie, vra ons dat u asseblief vir Lenie sal kontak om u inligting reg te stel.
Subsidie aansoeke sluit die 7de Maart.  Alle dokumentasie moet voor dan terug en geteken wees om in aanmerking te kom.



## SKOOLDRAG:

**Reëls t.o.v. baadjies (blazer) en balkies.**

♦Baadjie mag nie saam met Ryniedrag gedra word nie.

♦Baadjie mag slégs saam met kouse en skoene gedra word.

♦ Slegs 2024 prysuitdeling lapelwapen mag gedra word.

♦ Slegs een merietebalkie mag gedra word.

# KLEUTERSKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD

**Waarom dit belangrik is om stories vir kinders te vertel en voor te lees**

*by Oxford University Press | Mar 13, 2024 | Road to Literacy*




*Sommige vaardighede ontwikkel natuurlik aangesien ons biologies so ontwerp is. Leesvaardigheid ontwikkel egter heeltemal anders in ons brein en moet spesifiek onderrig word om dit onder die knie te kry. Dit beteken dat, vir kinders om goed te kan lees, kinders onderrig moet word om goed te kan lees. Een vaardigheid wat egter natuurlik ontwikkel, is gesproke taal.*

*Dit is duidelik deur die feit dat jong kinders se luisterbegrip baie beter as hul leesbegrip is. Die vermoë om reeds op die ouderdom van vyf stories te kan vertel, is 'n sterk voorspeller van leesbegrip in hoër grade.*

*(Fisher & Frey, 2014; Spencer, 2023; Stewart, 2021).*

*Omdat die gesproke taal natuurlik by kinders ontwikkel, beteken dit egter nie dat luister- en praatvaardighede nie geoefen en aangemoedig moet word nie. Om vir kinders by die huis en die skool stories te vertel en voor te lees, hou baie voordele in wat kinders ondersteun wanneer hulle leer hoe om te lees.*

***Ontwikkeling van fonologiese bewustheid***

*Fonologiese bewustheid word uitgelig as een van die hoofkomponente om kinders te leer lees, tesame met klanke, woordeskat, vlotheid en begrip. Fonologiese bewustheid is die bewustheid van klanke in woorde. Voorbeelde van fonologiese bewustheidsaktiwiteite sluit in die klap van woorde in lettergrepe, die opsê van rympies, die identifisering van woorde wat rym, die identifisering van klanke in woorde (byvoorbeeld, die herkenning van alliterasie in sinne), en so meer (Learning Point Associates, 2004; Departement vir Onderwys en Vaardighede, 2007; Pretorius & Murray, 2019).*

*Alhoewel fonologiese bewustheidsaktiwiteite in isolasie gedoen kan word, is baie van dié aktiwiteite natuurlike uitvloeisels van mondelinge vertellings en voorlesings aan kinders en 'n doeltreffende manier om kinders se belangstelling in stories aan te wakker en die betekenis van stories te versterk, aangesien kinders aktief daarna kan luister.*

***Bevordering van mondelinge en geskrewe geletterdheid***

*Deur stories vir kinders te vertel of voor te lees word hul woord- en begripsontwikkeling verbeter wat uiteindelik hul praat- en luistervaardighede verder ontwikkel — vaardighede wat noodsaaklik is vir kinders om nog geletterdheidsvaardighede te ontwikkel. Mondelinge storievertelling is ook meer kompleks as wat 'n mens dink, aangesien dit van kinders vereis om na akademiese taal te luister en om akademiese taal te gebruik om te reageer. Dit help hulle om moeiliker woorde en sinspatrone in storievertelling te verstaan wat hulle later sal help as hulle begin lees en skryf (Spencer, 2023).*

# KLEUTERSKOOL

## LAERSKOOL RYNFIELD

***Aanmoediging van aktiewe deelname, diversiteit en insluiting***



*Een van die grootste probleme waarmee ons land te kampe het, is die feit dat baie kinders nie toegang tot leesmateriaal in hul huistaal het nie, of dat versorgers nie die taal wat hul kinders op skool leer, kan voorlees nie.Mondelinge storievertelling is 'n manier om hierdie uitdaging te oorkom, aangesien 'n mens nie boeke nodig het vir hierdie interaksie nie en die taal net gepraat en nie gelees hoef te word nie. Mondelinge storievertelling versterk ook kinders se vermoë om stories van hul gesinne en kulture te hoor waaraan hulle andersins nie blootgestel sou kon word nie (Spencer, 2023; White, 2022).*

*Deur stories aan kinders te vertel en voor te lees word hulle bemagtig om self storievertellers te word. Kinders kan aktief deelneem aan storievertellings deur 'n deel van die storie op te voer, te vertel wat hulle van die storie gedink het, rympies en liedjies as deel van die luister- en praatproses op te sê en te sing, ens. (White, 2022). Hulle sal hoor hoe dit klink wanneer 'n storie goed voorgelees word en dit sal hulle help om ook stories met uitdrukking en vertroue te vertel en voor te lees.*

***Ondersteuning van sosio-emosionele ontwikkeling***



*Alle mense dink in storieformaat. Spesifieke storievertellings help dus kinders om hul wêreld en omgewing te verstaan (Spencer, 2023). Kinders kan aanklank vind by die gebeure in die storie en hoe karakters sekere probleme wat hulle ondervind, oorkom het. Dit help kinders om hul eie werklikhede te verstaan en om hulself duideliker en met meer vertroue verbaal uit te druk.*

*Benewens die voordele hierbo gelys, skep die voorlees en vertel van stories vir kinders belangstelling in en opgewondenheid oor boeke, lees en leer, wat vir kinders van onskatbare waarde sal wees namate hulle volwassenes word.*



# RYNIESNUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

Die Liefde by die Park 'Colour Run' is om die draai, en ons is BAIE opgewonde! Hierdie jaar beloof om nog beter en kleurvoller te wees as verlede jaar!
Om ons opwinding te vier wil ons graag dat al die Rynies Vrydag, 7 Februarie, 'n 'splash of colour' saam met hulle skoolklere dra. Dit kan byvoorbeeld 'n kleurvolle hoed, bril, das, of selfs kleurvolle kouse wees.
Onthou, kaartjies is beskikbaar op TicketPro en die 10km resies spring reeds 08:00, op 15 Februarie, weg.
Die 5km- en 2km resies sal in 30 minute intervalle daarna wegspring.
Bring jou ouma, oupa, oom, tannie, buurman en jou hond saam!
Jy wil hierdie dag nie mis nie.
Sien julle daar!









# RYNIESNUUS

LAERSKOOL RYNFIELD




## SPORT: MINI-NETBAL PROEWE:

Ons nooi alle belangstellende Gr. 1 - 3 dogters na ons mini-netbalproewe uit:

Graad 1 + 2

17 Februarie: 13:15 - 14:00 (Koormaats sal verskoon word)

18 Februarie: 13 : 15 - 14:00

20 Februarie: 13:15 - 14:00



Graad 3:

17 Ferbuarie: 14:15 - 15:00 (Koormaats sluit na kooroefening by ons aan)

18 Februarie: 13:45 - 14:45

20 Februarie: 13:45 - 14:40

Daar word 4 o/7 en o/8 spanne gekies en 3 o/9 spanne.

# RYNIESNUUS



LAERSKOOL RYNFIELD










# RUGBY

LAERSKOOL RYNFIELD



## KULTUUR:

### Redenaars:

Die individuele redenaars wie se toesprake nog nie goedgekeur is nie, het tot 14 Februarie kans om dit by Juf. Barbara in te handig. Geen laat toesprake sal aanvaar word nie.

Interne Afrikaanse Redenaars vind soos volg plaas:

3 Maart : Gr. 1 + 2 vanaf 13:30

6 Maart : Gr. 3 vanaf 14:15

10 Maart : Gr. 4 + 5 vanaf 14:30

11 Maart : Gr. 6 + 7 vanaf 14:30

Leerders wat Saam met Juf. Barbara en Juf. Coffey wil oefen moet hul name kom opgee.

### Spanredenaars:

Ons begin vanaf 12 Maart oefen. Reëlings moet by Juf. Barbara getref word. Spanne MOET ook by die skool oefen indien hulle onder die skool se naam wil inskryf by die kompetisies.



# NASKOOL

## LAERSKOOL RYNFIELD

**Huiswerk:**

Gr. 1-3 doen huiswerk vanaf 14:00-15:30
Gr. 4-7 doen huiswerk vanaf 14:30-15:30
Indien leerders nie hulle huiswerk in hierdie tye voltooi nie, mag hulle na vrugtetyd in die sentrum gaan werk. Daar sal 'n personeellid aan diens wees om toesig te hou tot en met 17:00. Maak asseblief seker (veral Gr.1 leerders) dat u kinders die nodige skryfbehoeftes by hulle het, waarmee hulle huiswerk moet doen.

**Interlaer atletiek byeenkoms:**

Dinsdag – 11 Februarie
Donderdag – 13 Februarie
Naskool gaan voort soos normaal – vanaf 13:00

### NASKOOL SPYSKAART:

**Maandag 10/2:** Beesgereg met stampmielies
**Dinsdag 11/2/:** Hotdogs
**Woensdag 12/2:** Mac & Cheese
**Donderdag 13/2:** Pasteie
**Vrydag 14/2:** Smeerbroodjies

- Elke dag vrugte en sap

### SNOEPIE SPYSKAART:

**Maandag 10/2:** Ham & Cheese
Dinsdag 11/4: Skool gesluit
**Woensdag 12/2:** Hotdogs
**Donderdag 13/2: Skool gesluit**
**Vrydag 14/2: Chicken Burgers**

**MINI DONUTS!!**

Ons verkoop weer Vrydag **7 Februarie** mini donuts by die skool.


R25 vir 6
R40 vir 12

**Snoepie : Nuwe pryse:**

Alles kosse: R25-00 (Pasteie, toasted broodjies, wraps, slap chips, hamburgers, footlongs, chicken nuggets; Russian en chips, Kerrie en rys – elke week op spyskaart
Coke/Koeldranke + water: R15-00 ; Biltong: R10-00 ;Brownies: R10-00
Chips: R10-00 ; Doughnuts: R10-00 ; Yoghurt roomys: R15-00
Slush puppy: R7-00, R12-00, R20-00, R30-00 ; Popcorn: R12-00
Chocolate: R15-00 ; Los lekkers R1-00, R2-00, R3-00 ; Cappuccino: R20-00
Hot chocolate: R20-00

# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD





**W JANSE VAN RENSBURG**

**SKOOLHOOF**

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD

